PO Box 13177
Leraatsfontein
1038
Tel: (013) 697 5068
Email: patriot@absamail.co.za
Web: www.patrioths.co.za

Hoërskool Patriot

11 Desember 2024

OMSENDBRIEF 173 van 2024

Geagte Ouers/Voogde,

Soos ons die einde van die 2024 akademiese jaar nader, wil ons graag 'n oomblik neem om u te bedank vir u volgehoue ondersteuning en vennootskap om hierdie skooljaar 'n sukses te maak. U toewyding aan u kind se opvoeding was van onskatbare waarde, en saam het ons daaraan gewerk om hulle 'n positiewe en verrykende leerervaring te bied.

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar, of die volle bedrag vir die jaar kan in een betaling vereffen word. Die skoolgelde vir die komende 2025 akademiese jaar is soos volg: R1 750-00 per leerder per maand vir 'n tydperk van 11 maande of R19 250-00 per leerder per jaar. Neem asseblief kennis dat die eerste betaling vir 2025 in Desember 2024 betaal moet word of op die laatste op 15 Januarie 2025 wanneer die skool begin. Indien die volle bedrag van R19 250-00 voor einde Maart 2025 betaal word, sal 'n afslag van R1 000-00 gegee word en dus sal die totale bedrag R18 250-00 wees.

Ons wil graag almal bedank wat ywerig sy/haar skoolfonds betaal het. Alle uitstaande skoolfonds vir 2024 moet teen einde Desember 2024 ten volle betaal wees. Neem kennis dat alle uitstaande rekeninge vir 2024 in Januarie 2025 oorhandig sal word.

U is welkom om betaling direk in die skool se bankrekening te maak:

Hoërskool Patriot
FNB Saveways
Rekeningnommer: 62442644432
Takkode: 270450
Verwysing: adminnommer, of die leerder se naam en van. Stuur asseblief bewys van betaling na finances@patrioths.co.za

Volgende jaar vier ons, ons goue 50 jaar bestaan. Ons nooi alle ouers en leerders om deel te neem om 2025 die jaar te maak om te onthou. Ons het 'n wonderlike jaar beplan.

Ons sien uit na nog 'n suksesvolle jaar wat voorlê en wens u en u gesin 'n wonderlike feesseisoen toe.

Patriot Groete.

HOOF
FG MOSTERT

HOËRSKOOL PATRIOT
WITBANK
2024 -12- 11
POSBUS 13177
LERAATSFONTEIN 1038
MPUMALANGA ONDERWYSDEPARTEMENT